# Vonk@verse 1
# Moontlike antwoorde

## Afdeling 1: Hemelruim

**Die sterre – Hennie Aucamp (Aanbeveel vir graad 4)**
1. Klein liggies wat ons sterre noem.
2. "Die son slaap onder 'n kombers/so oud soos die heelal"
3. Dit verwys na die gaatjies in die kombers.
4. Ons verlede en oorvertellings
5. Dat daar ongelooflik baie sterre is.

**Die waterkringloop – Henriëtte Linde-Loubser (Aanbeveel vir graad 4)**
1. a) Iets wat altyd weer van voor af begin.
   b) Wanneer dit klaar gereën het, kom die son weer uit, die water verdamp en versamel bo in die wolke totdat dit weer reën.
2. Versreël 3
3. "Wolke bots en hyg en sug..." / "Hoog op lig die son sy kop"
4. Verdamping
5. Versreël 5
6. Elke leerder se respons.
7. Kruisrym
8. "weer" en "neer"

**Son en Maan – Hennie Aucamp (Aanbeveel vir graad 4)**
1. Hy het nie so 'n helder kleur as Son nie.
2. sekelmaan
3. Ons verlede en oorvertellings
4. Versreël 12
5. Hulle word gepersonifieer – word as lewende wesens voorgestel. Daar word ook na hulle verwys as hemelliggame en dan word dit met 'n hoofletter geskryf.
6. a) Titel: Son en Maan
   Subtitel: *'n San-mite*
   b) Dit verskaf ekstra inligting omtrent die inhoud van die gedig.
7. "Die Son is vol en rond"
8. Pleit beteken amper om te smeek. Die intensiteit is groter as bloot net vra.

**Die maan – Henriëtte Linde-Loubser (Aanbeveel vir graad 4)**
1. Versreël 3
2. Versreël 4
3. Solank: Terwyl die son op hom skyn.
   So lank: Ek het so lank gewag.
4. a) Hy sal nooit ooit verdwyn nie, dra amper meer gewig. Die woord nooit word so beklemtoon.
   b) Assonansie; dit help om die ritme van die gedig te behou.
5. "Party keer"

6. Dit verwys na die maan se wentelbaan om die aarde.

**Lyndans – Corlietha Swart (Aanbeveel vir graad 4, 5)**

1. abca defd eege
2. "Soos 'n draaitol voor dit val/kantel-draai die aarde om sy as"
3. Dans
4. a) Die son, maan en aarde
   b) Om te kyk wie is die beste/sterkste.
5. Versreël 6

**Daniël in sy ruimteskip – Maria du Pré (Aanbeveel vir graad 4, 5)**

1. Deur te lees, kan jy baie plekke "besoek".
2. Paarrym
3. Die woord "omsingel" is meer beskrywend/die s-klank van "omsingel" herhaal die s-klank van "Saturnus"/die s-alliterasie versterk die ritme.
4. Gaan lees oor die ruimte.
5. Die woord dui aan dat dit hier oor verbeelding gaan. In die newels tussen die sterre en planete kan jy jou verbeelding gebruik en sien wat jy ook al wil sien.
6. ". . . het moed geverg!"
7. Opgewondenheid
8. Aan Daniël – dit staan so in die subopskrif.

**Skaduwee – Philip Nel (Aanbeveel vir graad 6)**

1. Die vorm weerspieël hoe 'n mens se skaduwee deur die dag ontwikkel.
2. Versreëls 6-8
3. Versreëls 1-5
4. Versreëls 11-14
5. Die spreker en sy skaduwee
6. Die spreker
7. Sy skaduwee
8. Dit beklemtoon hoe buitensporig lank die bene van die skaduwee lyk
9. Wanneer die son ondergaan, word die skaduwee dowwer tot dit heeltemal verdwyn.

**groot oupa Beutelgeuse – Susan Smith (Aanbeveel vir graad 5, 6)**

1. a) Omdat die dwergster soos 'n mens optree: hy "verstom" hom. Net 'n mens kan dit doen.
   b) "hy/ na 'n lang nag se werk/vroegoggend versigtig *indut* . . ."
2. "Groot oupa" verwys na die grootte van die ster. Grootoupa sou slegs 'n titel wees: hy is 'n oupagrootjie.
3. *Grootte* word gebruik as jy na die afmetings van 'n voorwerp verwys – in versreël vyf is dit die geval.
4. Betelgeuse die belangrikste ster in hierdie vers is.
5. Die woord *dut* dui op 'n kort rukkie slaap, terwyl *slaap* na 'n goeie diep rus verwys.
6. Bietjie vir bietjie verweer die ster se buitenste laag.
7. Dit beklemtoon hy het deur die nag "gewerk". Dit is 'n akuut.

## Afdeling 2: Diere

**Kuierkat – Hennie Aucamp (Aanbeveel vir graad 4)**

1. Dit is ’n kat wat net kom kuier/’n kat wat daarvan hou om te kuier.
2. Versreëls 3-4
3. Versreël 3
4. Nee, dit is ’n wit vlek op sy bors wat soos ’n borslap lyk
5. Eie respons – dit moet oorspronklik wees.
6. Versreëls 7, 8, 9
7. Die kat kry die oorskietkos van die kafee af.
8. “Maar kos wil hy nie hê nie,/want kuierkat is knuppeldik,/sy baas het ’n kafee!”

**Die ballade van Piet Smit – Anna van Wyk (Aanbeveel vir graad 4)**

1. Die verhaal van ’n voël in ’n kou en sy naam is Piet Smit.
2. Waarskynlik die eienaars/denkbeeldige mense
3. Woorde word herhaal – Smit word 3 maal herhaal.
   Woordgroepe word herhaal – versreëls 3 en 4; 8 en 9.
   Rymwoorde – paarrym in strofe 2 en ook versreëls 14-15
   Assonansie – “geveerde meneer/verstaan hy’t sy eie naam” (ook binnerym)
4. Hy skrik vir die kat wat aan die kom is/die kat vang hom.
5. Die aantal lettergrepe in die versreëls stem ooreen/klanke wat herhaal, rymwoorde.
6. Ter wille van die ritme – ander is daar ’n ekstra lettergreep.
7. Strofe 1: koeplet
   Strofe 2: kwatryn

**Mantis – Hernriëtte Linde-Loubser (Aanbeveel vir graad 4, 5)**

1. Die kind is *stom*, sy kan nie praat nie. (letterlik)
   Ek was *stom* van verbasing. Die *stomme* kind het haar doodgeskrik. (figuurlik)
2. Hy kan na alle kante kyk./Hy is op sy hoede en wil homself verdedig.
3. Dit is natuurlike gedrag.
4. “Vierkantig hou hy heeltyd dop”
5. ababacca
6. Dit pas in by die rymskema.
7. Dit is vir my brekfis – dit is vir my baie maklik.

**Kameelperd – Marius Ackermann (Aanbeveel vir graad 5, 6)**

1. Heel waarskynlik omdat hy so sukkel met sy lang nek.
2. a) As ’n mens in die wolke oor iets is – baie opgewonde.
   b) Hy droom oor beter omstandighede.
3. ’n Limeriek – daar is vyf versreëls en die rymskema is aabba. Dit het ook 'n spesifieke ritme en die eerste versreël verwys na ’n persoonlikheid; die laaste reël het ’n onverwagse grapperige draai.

**Pixie-hond – Susan Smith (Aanbeveel vir graad 5, 6)**

1. Die hondjie is so klein, hy pas letterlik in sy baas se sak.
2. Sy noem hom 'n “dingetjie op vier *sprietjiedun* beentjies”.

3. Draaie hardloop en opgewonde blaf – eie respons. Personifikasie omdat dit 'n menslike eienskap is om te rinkink.
4. Hy speel nie met 'n sokkerbal nie, maar met 'n tafeltennisballetjie. Hy het die bal soos 'n sokkerspeler hanteer daarom noem sy hom 'n sokkerkampioen.
5. Met geen bang haar *op sy kop nie.*
6. "vlieg met golwende hare soos 'n L'Oréal-advertensie op die wind"
7. Die klein hondjie het haar aan 'n feetjie of elfie herinner.
8. Sy was nie bang nie (versreël 6), het molle en hadidas en duiwe bekruip en probeer vang (versreël 7-8).

**Ek is 'n boklam – George Weideman (Aanbeveel vir graad 5, 6)**

1. Die Noord-Kaap en die Kalahari en ook dele van Namibië.
2. Eie respons. 'n Skaaplam is meer gedienstig en sag. 'n Boklam is dalk meer eiesinnig en wil graag sy eie ding doen.
3. Eie respons. Hy kan die prooi word van jakkalse, hiënas of ander wilde diere. Hy kan selfs verkluim.
4. . . . ek en jy wat soms afdwaal . . .
5. Dit toon ooreenkoms met iemand wat op sy knieë gaan en bid en die Vader wat Hom oor die persoon ontferm.
6. God
7. Nee, want hy het hulle gestreel en teruggedra.
8. Maar
9. Wanneer dit vir ons te moeilik raak, gee Hy uitkoms./Hy ontferm Hom oor die sondaar as die sondaar om vergifnis vra.
10. Hulle word alleengeplaas, paarrym

**Heuningvoël – MM Walters (Aanbeveel vir graad 5, 6)**

1. die heuningkoek van 'n wildeby
2. 'n heuningvoël
3. "na lang gesoek"
4. Die bye
5. Die heuning was te lekker.
6. Alliterasie: die herhaling van die h-klank.
7. Dat die soet heuning hom nie so moet oorrompel dat hy vergeet om vir die bye op die uitkyk te wees nie. Hy waarsku sy leser teen die liefde wat 'n mens soms so verblind – want die liefde kan 'n mens ook baie, baie seermaak.
8. Eie respons.
9. Twee versreëls – koeplet; vier versreëls – kwatryn.

**Fabel – D.J. Opperman (Aanbeveel vir graad 5, 6)**

1. Erdwurms
2. Eie respons
3. Waarskynlik omdat daar nou meer erdwurms is.
4. "toevallige"
5. Die gevolge van die middeldeurkappery word nou vir die leser gegee.
6. Daar is nou meer as een "ek" en "jy". Want elke wurm het nou twee verskillende wurms geword.

7. As die voorkant en die agterkant altwee wurms geword het, sal hulle mekaar tegnies gesproke kan groet.
8. Die wurm se voorkant herken nie sy agterkant nie. Hulle is nou vreemdelinge vir "hulleself".
9. Twee word vier.

**Versies vir die Vaak – Lucas Malan (Aanbeveel vir graad 5, 6)**

1. Hulle sal nie van die vlermuise hou nie.
2. Hulle weet die dood kom nader en daarom hou hulle nie van die donker nie.
3. Eie respons.
4. Die kat verbeel haar net. Sy verbeel haar dat sy familie van die Egiptiese katgodin Bast is.
5. Eie respons.
6. Dit beklemtoon hoe lank die verhale is. Die kat lê en spin op sy bed en dit klink of sy hom baie lang stories vertel.
7. Dat Bongels nog baie geheimsinnige verhale kan vertel.

## Afdeling 3: Ons verlede en oorvertellings

**Die leeu en die perd – Hennie Aucamp (Aanbeveel vir graad 4)**

1. Dit is hoorsê stories/nie noodwendig waar nie/kan nie bewys word nie. Dit wys hy was opgewonde toe hy dit gesê het.
2. Haar lag het 'n "gegrom" geword.
3. Sy het in 'n leeu verander.
4. Versreëls 9-10 is 'n vergelyking.
5. Eie respons.
6. Hy het gebewe, hy het weggehardloop en hy het nooit weer daar gekom nie.

**Ouveldstorie van die Khoikhoi – Susan Smith (Aanbeveel vir graad 4, 5)**

1. Doen aan ander wat jy aan jouself gedoen wil hê/as jy vir ander 'n gat grawe, val jyself daarin.
2. Ga-gorib
3. Heitsi-eibib
4. As jy vir 'n ander 'n gat grawe, val jyself daarin.
5. Dit is spreektaal wat aansluit by die ouma se verhaal wat sy mondeling oorvertel het.
6. Dit dui aan dat die verhaal gaan volg./Beklemtoon die gedeelte wat gaan volg.
7. Die ouma en die verhale wat sy vertel het.

**Volkslied van Suid-Afrika – Enoch Sontonga en C.J. Langenhoven (Aanbeveel vir graad 5, 6)**

1. God seën ons land dat ons verenig kan word en in vrede kan leef.
2. Enoch Sontonga en C.J. Langenhoven
3. "Nkosi Sikelel i-Afrika" is waarskynlik deur Enoch Sontonga, en "Die stem van Suid-Afrika" deur M.L. de Villiers getoonset. Die musikale verwerking van ons huidige volkslied is deur Jeanne Rudloph gedoen.
4. Xhosa, Zoeloe, Sesotho, Afrikaans en Engels. Dit sluit aan by die gedagte dat ons verenig moet wees.
5. Eie respons.

**Vlug – Thomas Deacon (Aanbeveel vir graad 5, 6)**

1. a) Versreël 1
   b) Versreël 5
   c) Versreël 4
   d) Die spreker is ’n vrou en die digter is 'n man
2. “Ma-goed” (versreël 16); “geoorlee” (versreël 14)
3. Sy het haar ma soos 'n moeder versorg.
4. Eie respons. Waarskynlik is sy beide. Hartseer om haar ma te verloor, maar bly dat haar ma nie meer bang hoef te wees nie.

**Dis al – Jan F.E. Celliers (Aanbeveel vir graad 5, 6)**

1. a) Die veld
   b) Die lug
2. Dieselfde aantal lettergrepe, herhaling van woorde en klanke.
3. Die aandagstreep vestig die aandag op die woord, alleenplasing.
4. Die smart wat oorlog veroorsaak. Eie respons.
5. Eie respons.
6. Eie respons.

**ons is die kinders van die land – Susan Smith (Aanbeveel vir graad 5, 6)**

1. Beide. Dit vertel die rol wat die ouers en grootouers speel om 'n kind op sy lewenspad te lei. Dit vertel ook dat die kind self sy toekoms moet uitwerk.
2. “ons is die jong boompies/wat met die eerste botsels van belofte knop/wat geplant en watergelei is/met die kwekershand van ons pa’s en oupas”. *Groeiring* verwys na hierdie beeld; *stippellyne* verwys na die beeld van “lewensreis”.
3. Na beide – die ma’s en oumas asook die pa’s en oupas.
4. a) “ons koppe is deur die son gedoop”
   b) “al die gevaarplekke/in afgeleë soetbossiepaadjies/oor rooiklipplaat en duwweltjieveld”
   c) “hulle bidpraat met God”
   d) “raas soos voëlverskrikkerkrale om ons polse en enkels”
   e) “hulle kan ons nie terughou in veilige/kindweesarms in ‘n kindweeslyf nie”
   f) “laat hulle ons los/dat ons ons eie woorde/in die poeiersand kan skryf”
5. Die nuwe geslag

## Afdeling 4: Ubuntu

**Eensame straatveër – Carina Stander (Aanbeveel vir graad 4, 5)**

1. Hy is maer en dalk sieklik.
2. Versreël 4, 6 en 7
3. 'n Mens moet die straatveër ook as 'n mens eer en erkentlik wees teenoor wat hy doen.
4. Kwatryn
5. Die s-alliterasie kom die meeste voor.
6. Paarrym
7. Geen
8. “hulpgeroep”
9. Hy is alleen en verlang na geselskap.

**tombola – Dewald Alberts (Aanbeveel vir graad 4, 5, 6)**

1. Nee, daar is geen eindrym nie.
2. Die hele gedig is een sin.
3. Dit handel oor mense en die manier waarop elkeen sy probleme hanteer.
4. "as ons al ons gedagtes/gooi in 'n sak"
5. Eie respons.

**Menseregte – Henriëtte Linde-Loubser (Aanbeveel vir graad 4, 5, 6)**

1. Eie respons. Dit handel hier onder andere oor die mens wat gelukkig en tevrede is omdat hy basiese regte het wat ander hom gun.
2. Om in vrede te leef/om te stem/te werk/te leer/gelukkig te wees/hulle moedertaal te praat/veilig te woon/elektrisiteit te hê/water te hê/skoon omgewing te leef.
3. Eie respons
4. Rymskema – paarrym
   alliterasie – "Elke mens mag leer"
   assonansie – "na beter te streef"
   herhaling – "Elke mens . . ." Almal lewer 'n bydrae.
5. Hierdie ritme is rustig, amper soos 'n baba wat gesus word.

**Afrikawysheid – Philip Nel (Aanbeveel vir graad 4, 5, 6)**

1. Eie respons.
2. Afrikawoord verwys eintlik na Afrika-spreekwoord.
3. Jy kan net werklik jou menswees uitleef as jy mense om jou het.
4. Bevestiging, beklemtoning
5. "mens". Dit staan telkens aan die einde van die versreël wat die bevoorregte posisie is. Die hele gedig en die spreekwoord handel oor die mense.

**By die robot in Eerstelaan – Marita van Aswegen (Aanbeveel vir graad 5, 6)**

1. By die verkeerslig in Eerstelaan./By die man wat soos 'n robot reageer in Eerstelaan. Die eerste is letterlik en die tweede figuurlik (woordspeling).
2. Eie respons.
3. Aan 'n slang
4. "Hy ruik die vis-en-tjipswinkel van eerstelaan/hier by die robot waar hy die dag omstaan"
5. a) Strofe 1: "sy arms en nek is so styf en seer/sy bene so lam van gister se staan"
   b) Strofe 2: "hier by die robot waar hy die dag omstaan"
   c) Strofe 3: "sy arm word gepluk en geruk en hy skrik"
   d) Strofe 4: "hoe sal hy weer sy lêplek van hier af kan vind?"
6. Hy is blind, met ander woorde die oë is waarskynlik beskadig.
7. Eie respons byvoorbeeld: "die tsotsi skraap sy keel en spoeg 'n straal" – die optrede is weersinwekkend.
8. Byvoorbeeld versreël 8 (enige gepaste aanhaling)

**ubuntu – Engemi Ferreira (Aanbeveel vir graad 5, 6)**

1. Eie respons. Moontlikhede:
   Ons moet help dat ander ook warm slaap.
   Ons moet ons lig vir ander laat skyn.
   Ons moet ander se pyn raaksien en probeer help.

Ons moet luister na ander, maar ook vertel van ons eie leed.
Ons moet omgee vir mekaar.
Ons moet nie onnodig kwaad word nie, maak eers seker wat die rede is waarom 'n persoon optree soos hy optree.
Oorloë veroorsaak verdriet en ontbering – ons moet dit probeer verhoed.
Bose plekke waar onheilighede plaasvind en dinge uitbroei wat ander kwaad kan aandoen, moet uitgewis word.

2. Versreëls 14 en 15
3. Ons harte is nie reg ingestel nie, daarom begryp ons nie regtig wat ubuntu behels nie.
4. Die laaste strofe kom tot die slotsom dat ons baie kan praat oor ubuntu (strofe 1 en 2), maar as ons harte nie reg ingestel is nie, kom alles tot niks.

**Ken jy die see . . . – Uys Krige (Aanbeveel vir graad 5, 6)**

1. Hy leef van visvang, want hy verkoop die vis na die tyd.
2. Die vissers het hulle lewens op die spel geplaas en al soveel leed deurgemaak – 'n mens kan nie 'n prys daaraan koppel nie.
3. Herhaling: Benewens herhaling van sekere woorde en frases ("sleep die swart, swart wind die swart nag mee") is daar 'n refrein wat na elke strofe herhaal word.
   Klankryk: kruisrym met baie alliterasie (versreël 4: "vlam of vuur")
   Ritme: sterk ritme deur die gedig
4. Dit word gepersonifieer/as 'n hoofkarakter in hierdie drama gesien.
5. Die visserman
6. Eie respons.

**Droom my 'n reënboog – Fanus Rautenbach**

1. Die gestremde
2. Dit is 'n gebed – hy praat met God.
3. Doofheid – "Laat my net hoor, Heer, dis my hoorgebed.
   Blindheid – "Laat my weer sien, Heer, so smeek ek net:"
   Dat hy kan loop – "Laat my weer loop, Heer, bid ek met hoop"
4. Versreël 12: "sien-is-glo" – as ek dit sien sal ek dit glo. Hy bedoel hier dat hy vas glo dat hy weer eendag sal sien.
   Versreël 22: "voete van klei" – verwys daarna dat iemand 'n swakheid het. Hier bedoel hy dit letterlik, want sy voete is swak en kan hom nie dra nie.
5. Dit gaan hier oor drome wat hy het oor eendag wanneer die spreker weer kan sien, weer kan hoor en weer kan loop.
6. Hoop, nuwe geleenthede.
7. Eie respons.

## Afdeling 5: Sport

**WB 2010 – Delina Malan (Aanbeveel vir graad 4)**

1. "Vu Vu Vuvuzela" – klink soos die klank wat die vuvuzela maak.
2. Omdat dit 'n slagspreuk was. Jy kan dit nie verander nie. Die slagspreuk gee eenheid aan die gedig en vat die inhoud van die gedig saam.

3. Dit wens hom 'n lang lewe toe./Dit is uitroepe wat mense gemaak het./Dit rym met vuvuzela.
4. Uitbundig. Uitroeptekens, woorde soos “viva Mandela”, “kraai koning”, “check vir . . .”
5. “as Bafana koning kraai”
6. “klop”

**Usain Bolt – Cas Vos (Aanbeveel vir graad 4, 5, 6)**

1. Weerlig
2. a) Versreël 2
   b) Jy skop stof in jou teenstander se oë – jy wen hom.
3. Wanneer Usain Bolt wen, is die ander atlete tegnies verloorders. Vir hulle dui die “wenstreep” aan dat hulle eintlik verloor het – daarom “verloorstreep”.
4. 'n Gedig gebruik min woorde om baie te sê en met min woorde kan baie nuwe gedagtes aan die gang gesit word.
5. Versreël 12

**Mzansi vuvuzel’ iAfrika – Philip Nel (Aanbeveel vir graad 4, 5, 6)**

1. Eie respons.
2. Eindig albei met dieselfde woord, die ritme is dieselfde, albei is in 'n Afrika-taal geskryf.
3. Jy is nie die enigste wat gehoor het nie.
   Hoe die mense gejubel het/die hele Suid-Afrika het feesgevier.
4. Alhoewel dit bibberend koud was, het mense nogtans opgedaag om hul span te ondersteun
5. “raas en blaas”
6. Uitroep van vreugde/triomf
7. Sekere woorde rym, versreëls 1 en 9 herhaal dieselfde klanke en inhoud, daar is rymwoorde binne 'n versreël soos versreël 7 en 8, alliterasie van die g-klank in versreël 8, herhaling van die titel in versreël 9.

**Vier ronnebôl-limerieke – Marius Ackermann (Aanbeveel vir graad 5, 6)**

1. Dit het 'n grapperige einde.
   Almal het dit goedgekeur/was opgewonde daaroor/trots op die wyse wat dit aangebied is.
2. Sy was van Nederlandse afkoms en die woord is Nederlands vir meisie.
3. Hy was aantreklik en hy het baie geld gemaak; oral in die wêreld 'n sokkerheld.
4. “skyn” en “akteur”

**Ayoba – Kobie Korf (Aanbeveel vir graad 5, 6)**

1. Die aanspreekvorm “Jy” laat dit klink of hy die leser aanspreek.
2. Suid-Afrika
3. Omdat die sokkertoernooi 'n groot sukses was.
4. “driftige”, “oopgedribbel, vernuftige”, “fris”, “groen”, “vertoonvenster”
5. Swart en wit teenwoordig die verskillende rassekleure van ons land en hierdie keer het hulle saamgestaan en saam iets uitgerig. Die kleure teenwoordig ook die verskillende rassekleure van ons land.
   Die ellips dui aan dat die proses eindelose moontlikhede kan inhou; as dit momentum kry, kan dit aanhou en aanhou.
6. Alliterasie: “fetus sien sokker word”, “vernuftige voetwerk”, “word die wêreld se speelpark”
   Assonansie: “laduma en Zakumi val”
7. Dit druk blydskap uit. Eie respons.

**Die hardloper – Ernst van Heerden (Aanbeveel vir graad 6)**

1. "fel"
2. Versreël 4
3. "die winde het sy haregolf gelig;"
4. "hete windgejaag"
5. Versreël 13. Die eerste deel is 'n beskrywing van die vasberadenheid en selfvertroue van die hardloper; die tweede deel is waar die hardloper bewus word van die ander atleet wat skuins agter hom is en weet hy gaan hom eendag wen.
6. Leerders klap die ritme.
   "Wie" en "Dié"
7. "wilde", "suiwer", "fel", "getart", "oorwin", "hoog", "heet", "gemeet", "vreug", "stormdrang", "windgejaag", "moed"
8. Eie respons. Dink aan sake soos die ouderdom/die dood/'n siekte.
9. Die wenstreep/doelpaal

## Afdeling 6: Omgewing

**Natuur – Anja Agenbag (Aanbeveel vir graad 4)**

1. Die arend, 'n apie, dassie, akkedis, voëls, meerkatte, jakkals, duiker
2. Nee, dit is die pad wat hy volg wanneer hy vlieg.
3. God
4. Na iets wat onder die arend of in die lug is. "Daaronder" beteken iets wat onder iets anders is en "daar onder" beteken doer ver onder.
5. Paarrym, omarmde rym en kruisrym
6. "'n akkedis so vroom"; "meerkatte wat van nuuskierigheid opwip"
7. 'n Jakkals is slim en maak plannetjies om sy kos in die hande te kry.
   Jakkalsstreke
8. "Duiker wat verskrik en verwonderd staan/soos hy met sy vyand vir die oomblik versoen"
9. Eie respons.

**Natuurbewaring – Henriëtte Linde-Loubser (Aanbeveel vir graad 4)**

1. Al die genoemde.
2. Die natuur waar die diere woon en die stede waar die mense woon.
3. Eie respons.
4. Paarrym

**Die aanslag van die verskriklike, aaklige gogga – Anne-Ghrett Erasmus (Aanbeveel vir graad 4 en 5)**

1. Die **aa**nslag van die vers_k_ri_k_li_k_e, **aa**_k_lige gogga – herhaling van die aa-klank, die g-klank en die k-klank.
2. "geskubde". As jy iemand die harnas in jaag – as jy iemand kwaad maak.
3. Die boktor
4. Die geveg tussen die boktor en die boom.
5. "saagsels wat hang *soos* baarde"

6. a) Vroulik: “haar blare”
   b) Personifikasie
7. a) Tor – gogtor
   b) Ja, die eerste is die letterlike betekenis van 'n tor en die tweede is die figuurlike betekenis wat eintlik personifikasie is omdat 'n negatiewe, beledigende beskrywing wat aan 'n mens toegedig is, gebruik word om die boktor te beskryf.
8. Strofe 2 sien die boktor as 'n meedoënlose soldaat en strofe 4 beskryf die boom as iets wat emosie beleef.
9. Enige gepaste versreël, byvoorbeeld versreël 15.
10. Versreël 21

**Op Oupa se plaas – Elizabeth Conradie (Aanbeveel vir graad 4, 5, 6)**

1. Strofe 3
2. Strofe 4
3. Ja. Sy was in verwondering oor die grootsheid van die natuur.
   Sy het gewonder hoekom die diere so jagmaak op mekaar.
4. Nadenke en verwondering
5. Sy beklemtoon die vrae wat gaan volg.
6. Die mens
7. a) Die uiterlike vorm van die twee strofes stem oor en albei begin met “dan”.
   b) Strofe 3 want die vrae wat haar kwel, word so uitgelig.

**Moenie slaap nie – Ingrid Jonker (Aanbeveel vir graad 4, 5, 6)**

1. Dit bestaan uit drie versreëls.
2. 'n Pou pronk en 'n pouveer is so pragtig 'n mens sal daarmee wil pronk. Met dagbreek is alles in die natuur opgewonde en op sy mooiste – die voëls kwetter en die plante is vars na die nag se koelte en die doudruppels blink orals. Die vergelyking is dus gepas.
3. “. . . begin die dag dans . . .”
4. Die lewe is pragtig. Kyk om jou rond en waardeer en geniet dit!

**Droogte in Namakwaland – Thomas Deacon (Aanbeveel vir graad 5, 6)**

1. “droogland” (versreël 6)
2. Die woord “wegblywater” is 'n pragtige beskrywing en die w-klank wat herhaal word, vestig die aandag op die woord (alliterasie).
   Die digter breek ook die woord af in versreël 10, om die wegbly ook letterlik in die vorm van die gedig te weerspieël, want die water en die wegbly is geskei van mekaar.
   Die versreël is heelwat langer as die res en staan daarom uit.
3. “oppie” (versreël 4), “annie” (versreël 7), “innie,vannie” (versreël 8)
4. “gnaroe”,”tkamaroe”
5. Dit sal hier verwys na die binneland waar dit nog droër as hier is.
6. “krys-krys”

**Septembermaand – Philip Nel (Aanbeveel vir graad 5, 6)**

1. Die vorige gedig het oor die droogte in die “droogland” gehandel en hierdie gedig handel oor die pragtige lenteblomme in die “Waterberge”.
2. Dit is die kleur van die stam, waarskynlik donker grys.
3. Dit verwys na die wit blomme.
4. a) Septembermaand, as elke wildepeer se donkerstam met spierwit kant te voorskyn kom,

dan weet jy: dis die Waterberg waar wildepere in die lente orals spierwit langs die paaie blom!

b) Tussen versreël 5 en 6

c) Wildepere, die gedagte van lente, die spierwit blomme

5. Ja, want behalwe dat die aantal lettergrepe min of meer dieselfde is, help die klankherhaling in die vorm van alliterasie ook om ‘n ritmiese patroon te vorm.
6. Die *donker* stam en die *spierwit* blomme.
7. a) “<u>s</u>e donker <u>s</u>tam/met <u>s</u>pierwit kant”

   b) “**d**an <u>w</u>eet jy/**d**is **d**ie <u>W</u>aterberg/<u>w</u>aar <u>w</u>il**d**epere”

**Montagu se vlaktes – Marius Absalom (Aanbeveel vir graad 5, 6, 7)**

1. Nee, want in versreël 16 en17 voorspel hy dat die vloedwaters weer kan kom.
2. a) Kalm waters is verraderlik en ’n boot wat dobber het geen vastigheid nie. ’n Storm kan enige oomblik losbreek.

   b) Wanneer ’n boot so rustig op die kalm waters dobber lyk dit of niks hom kan steur nie en of die rustigheid vir altyd sal voortduur – dit lyk soos die waarheid, maar dis eintlik ’n leuen want die storm kan enige oomblik losbars.
3. Hy begin die herhaling met die uitroep “O” wat dui op verrukking of bewondering. Nou is dit nie bloot inligting wat gegee word nie, maar ’n uitroep van waardering.
4. Vloedwaters en kalm waters; waarheid en leuen; vloedgeteisterdes en dehidreer
5. “word vloedgeteisterdes gedehidreer/tot ’n herderlike toneel”
6. Montagu

**Pleitskrif vir die aarde – Fanie Viljoen (Aanbeveel vir graad 5, 6)**

1. Vra is normaal vra en pleit is om te soebat.
   Pleitskrif: iets wat iemand skryf waarin hy mooi vra, selfs soebat.
2. Die aardbewoners – ek en jy.
3. Dit is 'n wêreldwye probleem. Aardverhitting en besoedeling word deur al die lande aangespreek.
4. “Wat maak dit saak?”
   Hulle bedoel eintlik dit maak nie saak nie.
   Die ware antwoord: Dit maak baie saak. As elkeen nie sy deel doen nie, sal ons nooit hierdie stryd wen nie en sal ons kinders eendag die prys moet betaal.
5. Ja, die woorde is versprei oor die bladsy soos die rommel rondlê.
6. Ja albei is van toepassing. Daar is twee maniere waarop mense hul gewetens sus – deur nie daaroor te dink nie of vir hulself wys te maak dat dit sommer stories is en daar nooit 'n krisis gaan wees nie.
7. Eie respons.

## Afdeling 7: Spoke

**Spook van Sandrivierpas – Antjie Krog (Aanbeveel vir graad 5, 6)**

1. Vrystaat
2. Wen
3. a) . . . dat baie mense dit al gesien het.

   b) Versreël 5-6

4. a) Met 'n haas se spring
   b) Vergelyking
5. a-klank
6. Die woorde lyk soos 'n afgrond; die kort versreëls met die kort sterk woorde pas by die inhoud van die versreëls.
7. Eie respons.

**Die spooklig – Philip Nel (Aanbeveel vir graad 5, 6)**

1. Dis in die middel van die nag, die motorligte van agter wil saam met hulle deur die hek jaag, die kar en die ligte verdwyn skielik.
2. Wanneer 'n mens in die nag in die Groot-Karoo ry, sien jy 'n voertuig se ligte agter jou wat verby wil kom. Die ligte wil jou dalk dwing om dom dinge te doen en dalk 'n ongeluk te maak, maar as jy dit oorleef, verdwyn die ligte eensklaps.
3. Eie respons – 'n suggestie dat hulle nie alleen was nie.
4. a) Hy het vreeslik geskrik.
   b) Hulle bakkie het amper gerol.
5. Dit beklemtoon die malligheid van die "bestuurder" in die motor agter hulle en hoe gevaarlik die situasie was.
6. Ja, in die tydsverloop. Hy vertel 'n verhaal.

**Dit spook hier woes met nuwemaan – Boerneef (Aanbeveel vir graad 5, 6)**

1. Nuwemaan en donkermaan is dieselfde ding – die een kan nie erger as die ander wees nie.
2. Hy praat van "word fees gevier" en later "sluk nog 'n groot dop als". Dit klink nie na medisyne nie.
3. Hulle raak deurmekaar met spoke, so hy waarsku die leser dat dit gevaarlik kan wees en hy waarsku die leser ook teen moontlike risiko's.
4. Hy spot met spoke: "woes" en hy verwys na nuwemaan en donkermaan asof dit twee verskillende tye is, raai die leser aan om 'n groot dop voor die tyd te drink, "spokewals", "twak", "fees gevier".
5. Vraagteken, uitroepteken, ellips, aandagstreep
6. Paarrym

**Wanneer dinge skeef loop – Fanie Viljoen (Aanbeveel vir graad 4, 5 en 6)**

1. Wanneer dinge verkeerd gaan.
2. Die spook het hulle verjaag – hulle wou van hom af wegkom.
3. Die spook het saamgetrek.
4. Hulle was die hele tyd bewus van sy teenwoordigheid want soms het 'n skildery onderstebo gehang, of 'n vloer kraak erg, of 'n kamerdeur klap skielik toe, 'n spookstem treiter hulle.
5. Kwatryn

**Om raak te spook – Fanie Viljoen (Aanbeveel vir graad 4, 5 en 6)**

1. 'n Spook wat permanent in 'n huis woon.
2. Die mense skrik nie vir hom nie/niemand is vir hom bang nie.
3. Eie respons.
4. Om mense bang te maak/skrik te maak.
5. Dalk benader hy die mense nie reg nie/dalk sien die mense hom net nie raak nie/dalk besef hulle nie hy is koploos nie.

**Pasop vir die spoke – Fanie Viljoen (Aanbeveel vir graad 4, 5 en 6)**

1. "grou"
2. "sluip" en "kruip"
3. Paarrym
4. Die woord "dalk" en die ellips suggereer dat hier sinistere "magte" aan die werk is.
5. Die pad neem jou na plekke waar jy liewer nie wou gewees het nie.
6. Assonansie, alliterasie, personifikasie

**Die strandjutwolf – N.P. van Wyk Louw (Aanbeveel vir graad 5 en 6)**

1. Die hiëna het waarskynlik kos gesoek. Die spreker het as kind gedink die dier is op soek na hom!
2. Wolf se aksies: *snuiwe, roer, ruik-ruik, krap*. Werkwoorde wat klink of hy by die huis wil inkom: *snuiwe* en *krap.*
3. Nee, 'n strandjutwolf is betreklik klein terwyl 'n os baie groot is. Die skaduwee is net so gerek dat die dier reusagtig groot lyk. (Vergelyk met die gedig "Skaduwee" van Philip Nel in die afdeling *Hemelruim.*) Hoe groter die bedreiging, hoe banger word die kind.
4. Hy het hom verbeel die dier is so groot dat wanneer hy op sy agterpote staan, hy teen die nok van die dak kan krap en dat hy by die skoorsteen kan luister waar hulle in die huis is en wat hulle alles sê.
5. Strofe 2: gehoor
   Versreël 10-11: sien/sig
6. Waarskynlik hoor hy sy hart klop.
7. Eie respons.
8. Die laaste strofe.
9. Nee, dit is vrese wat volwassenes ook het, byvoorbeeld onsekerheid, geldelike probleme. Eie respons.

## Afdeling 8: Liefde

**Jakomien van La Colligne – Philip Nel (Aanbeveel vir graad 4, 5)**

1. Nee, die gedig het 'n speelse ritme en inhoud. Die verkleinwoorde sluit daarby aan.
2. Waarskynlik omdat die naam en van rym. Dit dra by tot die speelse atmosfeer.
3. Strofe 2, 3 en 7
4. a) . . . help om 'n vrolike stemming te skep
   c) . . . bind die gedig tot 'n eenheid
   d) . . . werk met dieselfde klanke.
5. a) Kort strofes
   b) Verkleinwoorde
   d) Die baie rymwoorde
   f) Verspotte woorde soos "Jan Pampoen".

**Kolletjiesdas – Cas Vos (Aanbeveel vir graad 4, 5)**

1. Omdat hy die aandag op hom wil vestig.
2. Kolletjies het ook die effek dat dit vrolik lyk, daarom pas die woord "bokspring" daarby.
3. Die meisies
4. "is daar 'n kolletjie/wat soos koelte"

5. "oor sy trotse bors"
6. Dit laat die verbeelding op loop gaan oor wat die liefde vir hom alles inhou.

**Rondom my – Dawie de Jager (Aanbeveel vir graad 4, 5, 6)**

1. Wees naby my
2. Dat sy depressief voel.
3. Eie respons.
4. Ja, want hy praat van "veels te veel keer" asof dit nie die eerste keer is nie.
5. Hy wil haar goed leer ken, sodat hy haar kan verstaan. Dan eers sal die verhouding kan werk.
6. Versreëls 1-2, 5-6, 13, 17-18, 19-20

**Sproeireën – D.J. Opperman (Aanbeveel vir graad 5, 6)**

1. Dit laat hom terugdink aan sy kinderjare, die boorde van die Swart Umfolozi, aan sy ouma, dalk sy ma, hoe hy as kind versorg en getroos is.
2. Herinneringe
3. Versreël 1-4
4. Wanneer jy iets ruik roep dit herinneringe op, maar somtyds weet jy nie presies wat nie – dis net 'n gevoel wat jy kry. Daarom sê hy dat anys hom aan "iemand" herinner, maar hy kan nie presies onthou wie nie.
5. Dalk pannekoek gebak of lekker broodpoeding gemaak? Eie respons.
6. Dit is 'n jubelende opmerking.
7. Reuksintuig

**hartbreek – Susan Smith (Aanbeveel vir graad 5 en 6)**

1. Die inhoud van die gedig verduidelik waarom die spreker se hart gebreek is.
2. "finaal"
3. "het my hart finaal/in jou klippiebruinoë verdwaal"
4. "maar"
5. a) "finaal" en "verdwaal" het 'n sagte klank, terwyl "klok" en "geskok" 'n harde klank het.
   b) In strofe 2 is sy nog verlief, so die sagte klanke pas goed. In strofe 3 word sy tot die werklikheid geruk. Die harde kort klanke pas baie goed daarby.
   c) Eie respons.
6. Sy het waarskynlik haar asem skielik ingetrek toe sy die tweetjies sien. Sy was ook seker lam van die skok.
7. Wat sy sien, is vir haar so onwerklik dat dit voel asof sy op 'n ander planeet is.
8. Dit is nog ligter as 'n fluister, 'n amperfluister.
9. Eie respons

**komkomper – Eckhard Cloete (Aanbeveel vir graad 4, 5 en 6)**

1. Wanneer mense eers met die rekenaar besig is, vergeet hulle van alles rondom hulle.
2. Nee, hy sal liewers met sy vlieër speel.
3. Met komkommer. Sommige soort komkommers is krom netsoos mense wat met 'n geboë rug agter die rekenaar sit. Dit pas by die woord komkommer omdat dit ook klankmatig dieselfde is.
4. 'n Mens raak lui om te dink.
5. Dit is die belangrikste ding in sy lewe.
6. Die pa gebruik die woord "kommunikasie", maar hy kommunikeer nie behoorlik met sy seun nie – hy kyk nie eens vir hom as hy met hom praat nie.

7. “maar”
8. Kwaliteittyd. Eie voorbeelde.
9. Nee, hy wil die skootrekenaar vernietig.
10. Eie respons.

**Padvinder – Franci Greyling (Aanbeveel vir graad 5 en 6)**

1. Die GPS dien as padvinder. Die eerste woord verwys na die padvinder.
2. Na haar en haar metgesel.
3. 'n Lewensreis en 'n letterlike reis per pad.
4. a) 'n Teerpad is letterlik en 'n lewenspad is figuurlik.
   b) 'n Lewenspad
5. Dit verwys na albei. Om jou pad deur die land te vind en ook om jou pad deur die lewe te vind.
6. Die wit spasie verteenwoordig 'n leemte of gemis wat die spreker ervaar.
7. Eie respons, byvoorbeeld: Die spreker vind die pad, maar nie die persoon na wie sy soek nie.
8. Eie respons.

**status update – Fanie Viljoen (Aanbeveel vir graad 5 en 6)**

1. Versreël 1
2. “al honderd keer”: Nee, dis 'n manier van praat./Om te beklemtoon hoe baie hy probeer het.
3. a) “hopend” en “wagtend”
   b) Eie respons.
4. a) Om aan te dui dat dit sy boodskap was.
   b) Dit is SMS-taal.
   c) Spreektaal – klanke is weggelaat. Skryftaal – heeltemal anders – geen spelreëls is gevolg nie. Die woorde word so kort as moontlik geskryf en slegs 'n paar klanke word weergegee.
5. Dit kan verwys na daar waar sy vriend wat dood is, nou is.
6. Eie respons.
7. Albei. Dalk weet die vriend self nie wat hy wil sê nie.
8. Dit is soos dit in SMS-taal geskryf word.
9. Dit kan verwys na die Facebook se “status update”, maar ook na die vriend wat nuwe inligting moet gee van waar hy is. Dit kan selfs verwys na die feit dat sy vriend opgegradeer het in status: hy is dalk in die Hemel.